# 28 *Maandag*

**SKRIFGEDEELTE: RIGTERS 7:1-23**
**FOKUSGEDEELTE: RIGTERS 7:10**

## Die Here se geduld met twyfelaars

Selfs nadat Gideon die oorwinning oor Baäl behaal het en die Gees van die Here hom gelei het om Israel op te roep om teen die magtige Midianiete te veg, kom kruip die twyfel nog steeds in sy gemoed. Hy vra nog eens 'n teken met die nat wolvlies. Daarna vra hy om God se geduld en of hy nog 'n teken met die droë wolvlies kan kry.

Na hierdie twee tekens voel Gideon waarskynlik tevrede en is hy gereed om die Midianiete aan te val. Of is hy gereed?

Die Here het hom geken en geweet dat nog twee tekens nodig is om Gideon werklik te oortuig dat hy in God se krag die oorwinning sal behaal. Eers kom die groot geloofstoets. Die soldatemag van 32 000 man word verminder tot 300! Driehonderd man om die menigte Midianiete en hulle kamele aan te durf, want deur 'n oorwinning van 300 sou die eer aan God alleen toekom.

Gideon twyfel egter steeds en daarom is die laaste teken nodig. Die Here stuur hom na die vyand se kamp om uit hulle mond te hoor dat God aan hom die oorwinning sou gee. As selfs die vyand dit weet en glo, hoe kan Gideon dan twyfel?

So loop God met ons as twyfelaars 'n baie geduldige pad. Hy ken ons en weet dat ons maar swak is. Daarom moes Hy kragtig in Christus optree sodat ons in die krag van Christus en op grond van sy oorwinning vandag ons stryd kan stry en oorwin. As ek twyfel, lei God my geduldig om op Christus en sy Gees te fokus om my te versterk.

As jy dan twyfel, kyk na die tekens van die kruis, die leë graf, die vuurtonge en die wind en weet: God is sterk, daarom is ek ook sterk. Hou dan vas aan die geduldige hand van God.

*Sing: Psalm 130:1, 4*

*Ds. P (Piet) Venter (Potchefstroom-Oos)*